


## Intelligente geloof?

Joel en Mark was twee vriende met uiteenlopende oortuigings. Joel het in God geglo as die Opperwese wat alles op aarde gemaak het. Mark was ŉ ateïs en het met godsdiens gespot. Hy het gedink die hele wêreld - insluitende homself – het per toeval ontstaan. "Hoe weet jy dat God bestaan en dat die Bybel nie net ŉ feëverhaal is nie?" wou Mark altyd weet. "God bestaan omdat die Bybel so sê en jy kan die Bybel vertrou omdat dit God se Woord is," het Joel gesê. Mark sou dan stilletjies vir hierdie logika lag en sê: "Dit is soos om te sê: Ek is ŉ goeie werker omdat Frank so sê. Hoe kan ons Frank vertrou? Dis eenvoudig: Ek ken hom en sê jy kan hom vertrou." Joel se logika is foutief en sal niemand oortuig van die bestaan van God of dat die Bybel waar is nie. Tog het baie vandag geen beter redenasie vir hul geloof in die Bybel nie. Is daar grondige bewyse vir die geldigheid van die Bybel? Moet intelligensie en redenasie by die venster uit wanneer mense Christene word?

## Die droom

Een manier om die geldigheid van die Bybel te toets, is om na sy profesieë te kyk. God maak in die Bybel daarop aanspraak dat Hy die toekoms kan voorspel (Jesaja 46:9,10). ŉ Studie van die geskiedenis van antieke Babilon in die boek Daniël, sal help om die vraag oor die geldigheid van die Bybel te beantwoord. Hier lees ons van koning Nebukadnésar, ŉ heerser wat nie net in die Bybel genoem word nie, maar ook in ander historiese rekords.[1] Een aand het hy ŉ steurende droom gehad. Toe hy egter wakker word, kon hy nie die droom onthou nie - net dat dit hom ontstel het. Hy het sy wyse manne laat roep en hulle beveel om sy droom en die uitlegging daarvan aan hom te vertel. Hulle was verbaas oor hierdie versoek en het gesê: "Daar is geen mens op die aardbodem wat die koning se saak sou kan te kenne gee nie ..." (Daniël 2:10-11). Die koning was woedend en beveel toe dat al die wyse manne in Babel gedood moes word (Daniël 2:12). Dit is waar ŉ Hebreeuse man met die naam Daniël op die toneel verskyn.

Daniël is as ŉ gevangene na Babel weggevoer toe hy nog ŉ tiener was. Hy het in God geglo. Toe die koning se amptenaar, Áriog, die koning se bevel aan hom meedeel, gaan Daniël na die koning en versoek tyd om sy droom en die uitlegging daarvan te kenne te gee. Die koning het ingestem. Daniël is daarna huis toe en het God om wysheid gesmeek. God het sy ernstige versoek toegestaan en "...in ŉ naggesig is die geheim aan Daniël geopenbaar "(Daniël 2:19).

## Geskiedenis se groot standbeeld

Die volgende oggend het Daniël na die koning se troonkamer gegaan en aan hom die droom geopenbaar. Die koning het ŉ groot beeld gesien. Dit het uit vyf verskillende dele bestaan. Die kop was van goud, die bors en arms van silwer, die buik en dye van brons, die bene van yster en die voete deels van yster en deels van klei. Toe het ŉ groot klip die beeld getref en dit fyngestamp, sodat dit soos kaf geword het wat die wind wegwaai (Daniël 2: 31-35). Daniël het toe aan die koning die betekenis van die droom vertel. Die hoof van goud het Babilon voorgestel (Daniël 2:38), die silwer Medo-Persië, die brons Griekeland en die bene van yster Rome.[2] Die voete en tone van yster en klei verteenwoordig die verdeelde krag van Rome - deels swak en deels sterk. Net soos yster nie met klei meng nie, sal hierdie nasies nie verenig nie. Die groot klip wat die beeld verbreek het, verteenwoordig die koninkryk van God. "En die God van die hemel sal ŉ koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie. Dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar ŉ einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan" (Daniël 2: 38-44).

## Die vervulling van ŉ droom

Hierdie voorspelling van die koninkryke wat deur metaal voorgestel is, het waar uitgekom. Die eerste koninkryk, Babilon, het die wêreld van 605 tot 539 vC geregeer. Toe heers die Meders en Perse vanaf 539 tot 331 vC. Daarna was Griekeland van 331 tot 168 vC aan die stuur van wêreldsake. Rome het met ŉ ystervuis van 168 vC tot 476 nC geregeer. Die laaste koninkryk - verdeel in baie kleiner koninkryke - stel die verdeelde mag van Rome en die moderne Europese nasies voor, wat vandag nog apart bly. Die Bybel was korrek in die identifisering van al vyf koninkryke en die tyd dat hulle sou ontstaan!

## Verdere spesifieke bewyse

Skeptici reken dat Daniël se voorspellings vals is en dat sy boek op ŉ baie later tydstip in die geskiedenis geskryf is. Al sou dit waar wees, toon die Dooie See Rolle dat hierdie profesie honderde jare voor die verdeling van die Romeinse Ryk in die nasies van moderne Europa geskryf is. Die Dooie See Rolle bevat agt manuskripte van Daniël. Die oudste, wat ŉ afskrif van ŉ vroeër manuskrip is, se datum is op 125 vC[3] vasgestel. Hierdie profesie is net een voorbeeld van honderde wat die Bybel se inspirasie bewys. Nog ŉ konkrete voorbeeld is die profesie van Daniël 9 waarin die presiese tydsberekening van Christus se doop en dood honderde jare voor die tyd gegee is.[4] Na noukeurige ondersoek van geldige bewyse wat ons in die Bybelse profesieë sien, kan ons inderdaad tot die gevolgtrekking kom dat God en die Bybel betroubaar is! Daniël 2 wys ons hoe waar en akkuraat net een van hierdie voorspellings is, wat ons grondige rede vir ŉ intelligente geloof gee. Die Bybel is die geïnspireerde Woord van God en kan onder alle omstandighede as ons betroubare handleiding dien.

Om hierdie inligting egter net te glo, sal geen verskil in ons lewens maak nie. Geloof alleen besit geen reddende krag nie. Ons moet deur ons geloof verander word. Dit is van ewige belang om nie net die Bybel te glo nie, maar ook om dit toe te laat om ons te verander. Die Bybel sê "die duiwels glo dit ook en sidder!" (Jakobus 2:19). God sal ons lewe neem en dit in iets pragtigs verander as ons daartoe instem. Sal u dit doen?

---

1 Lees "Nebuchadnezzar II" by Wikipedia.org
2 "The Next Super Power" deur Mark Finley
3 "Meaning of the Dead Sea Scrolls" bl 137
James C. VanderKam, Peter Flint
4 "The Next Super Power" deur Mark Finley

Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.
Voorblad: ©www.typofire.com

GEE LIG AAN ONS WÊRELD

**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: www.hopetv.org/glow

HopeChannel
Kyk Hope-Kanaal op u TV
0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA
**africa.glowonline.org**